Die opdrag om te vergewe.

Teks: Matteus 18: 21 - 35
Teksvers: Matteus 18: 35
Heidelbergse Kategismus: Sondag 51

1. Inleiding

Geliefdes in ons eerste diens het ons geworstel met die met die verband tussen materiële bates en geestelike bates. Maar natuurlik nie net bates nie, maar veral ook materiële laste en geestelike laste, of dan in ander woorde skuld. In ons leerdiens vanoggend fokus ons dan ook op die vyfde bede van die Onse Vader gebed. Dit handel oor vergifnis.

Kom ons bou voort op die gedagte van vergewensgesindheid. Soos wat die mens en sy regte belangriker word, lyk dit of vergewensgesindheid vandag net minder en minder word. Vergelding is eerder die kreet waarvan ons lees in die koerant vandag. Die mens wil eerder veg as vrede maak.

Tog is dit nie ’n nuwe probleem nie. Die mens wil homself laat geld en ons sien hierdie gesindheid het al voorgekom in die tyd van Jesus se bediening op aarde. Want in ons teksgedeelte vra Petrus juis vir Jesus uit oor vergewensgesindheid en vergelding. Hy dink baie soos ons mense vandag. Ek is bereid om iemand ’n kans te gee, maar op punt is genoeg genoeg. Op ’n punt het ’n persoon darem net genoeg kanse gehad. Wat presies dan gebeur is ons ook nie oor seker nie. Maar op ’n punt is genoeg mos genoeg, of hoe?

Maar wanneer Jesus begin praat word ons weer bewus dat ons gedagtes nie God se gedagtes is nie. Jesus openbaar die wil van sy Vader. En soos baie keer van te vore. Doen Hy dit deur middel van ’n gelykenis. Ons tref dit aan in Matteus 18 en dit is die fokus van die leerpreek vanoggend.

2. Vergewe ons ons skulde

Wanneer ons na die Onse Vader gebed kyk, dan tref ons hier in die begin van die vyfde bede die eerste koppelwoord in die gebed aan naamlik “en". Dit is ook nie maar toevallig so nie. Die “en” koppel die vierde en vyfde bede aanmekaar. Want soos ons reeds gesien het handel die vierde bede oor die al die fisiese middele wat ons daagliks nodig het om te oorleef. Maar ons as christene weet dat die mens uit soveel meer as net die fisiese bestaan. Daar is meer om te onderhou as net die fisiese. Dit is eintlik juis met die geestelike wat die mens probleme het. Omdat ons sedert Genesis 3 in sonde ontvang en gebore word. Het ons geestelike redding nodig. Ons het nodig dat die verhouding tussen ons en God kom herstel word.

Hoe word hierdie verhouding herstel? Die bewoording van die vyfde bede lui “vergewe ons ons skulde”. Die woord skulde woord gebruik en nie die woord sonde nie. In die gelykenis wat Jesus vertel word ook in vers 23 gepraat van ’n amptenaar wat miljoene rande skuld. Dit alhoewel die gelykenis nie in die eerste plek gaan oor finansiële uitleen en invorder nie. Maar met die mensdom so fokus op finansies is daar dadelik belangstelling en begrip vir wat Christus verduidelik.

Mense is bekommerd oor finansiële verliese. En wanneer mense finansieel te na gekom word, wil hulle vergoeding ontvang. Dit is so met ons oortredinge teenoor God ook. Omdat God ’n regverdige God is kan ons sonde nie bloot kwytgeskeld word soos in die gelykenis nie. Die prys vir ons skuld moet betaal word. En soos in die gelykenis is die prys heeltemal buite ons bereik. Ons kan ook maar net neerval voor God en smeek om genade, want betaal sal ons nooit kan nie.

God is ’n regverdige God. Maar Hy is ook ’n barmhartige God. Hy stuur sy eniggebore Seun om in ons plek te kom sterf. Om te kom sterf vir ons sonde. En omdat Christus heeltemal sondeloos is, word Hy die volmaakte offerlam wat vir ons sondes sterf. Omdat ons skuld nou betaal is, kan God ons vryspreek van ons skulde. Ons word vrygespreek ter wille van die bloed van Christus.

Maar God weet dat ons vergifnis van skuld nodig het. Moet ons dan nog bid vir die vergifnis van skuld? In die gelykenis wat Jesus vertel word die skuld van die amptenaar nie bloot afgeskryf nie. Hy moet voor die koning verskyn. Hy val neer en soebat. God gee vir ons redding in Jesus Christus, maar wil hê dat ons elke dag daarvoor moet bid. Want dit is ook ’n manier waarop ons erken dat ons redding nodig het en vanwaar ons redding kom. In die woorde van Calvyn “Here, dit wat U aan die hele volk belowe, gee dit genadiglik ook aan my.

3. Ons vermoë om ander te vergewe is ’n teken van God se genade om ons te vergewe

Maar daar is ook ’n tweede deel van hierdie bede. Dit lei “soos wat ons ook ons skuldenaars vergewe". En hier word dit maklik om hierdie bede verkeerd te interpreteer. Ons as mens word maklik in die oorsaak en gevolg denkrigting vas gevang. Daarby is ons ook geneig om ons eie mens in die middelpunt van belangstelling te plaas. Dit bring ons uit by die siening dat omdat ons ander mense vergewe is God verplig om ons ook te vergewe. Maar geliefdes, niks kan verder van die waarheid wees nie. God is soewerein en kan nie deur ons beweeg word om enigiets te doen nie.

As ons mooi na die gelykenis kyk wat Jesus vertel, dan sien ons dat die koning eers die amptenaar se skuld vergeef voor hy sy broer se skuld gaan vergeef. Die volgorde in die gelykenis is belangrik. Die amptenaar kom nie selfvoldaan voor die koning aan en vertel hom dat hy nounet iemand wat hom ’n paar rand skuld kwytgeskeld het nie. Hy kom gebruik nie hierdie argument vir die kwytskelding van sy skuld voor die koning nie. Net so kan ons ook nie die feit dat ons ander mense vergewe gebruik om God te oorreed om ons te vergewe nie.

Maar waarom is hierdie tweede gedeelte dan by die bede gevoeg? Jesus vertel hierdie gelykenis in antwoord op Petrus se vraag oor hoeveel keer iemand vergewe moet word. Daar was in daardie tyd ’n Joodse tradisie wat sê dat iemand 3 keer vergewe moet word, maar daarna is dit verby. Nou kom Petrus by Jesus, en hy verdubbel die 3 keer en sit nog ’n keur by. Dit moet darem seker genoeg wees. Petrus besef alreeds dat daar iets aan die vergewing van mense is. Maar die volle omvang besef hy nog nie. Die boodskap van hierdie gelykenis is dat omdat God ons soveel vergewe het, moet daar ook ’n vergewensgesindheid by ons wees teenoor ander mense. Jesus se vir Paulus nie 7 maar 70 maal keer moet hy vergewe. Ons is nie in staat om soveel te vergewe as wat God ons vergewe het nie.

Die vergifnis van ons broers se oortreding teen ons is dan iets anders. In hierdie verband kan ons praat van ’n teken. Die bereidwilligheid om ons broer se sondes te vergewe is die teken dat ons sondes reeds vergewe is. Dit is die vrugte wat gedra word in ons nuwe lewens. God seën ons, sodat ons ’n seën tot ander kan wees. Die straf van die amptenaar gaan nie so seer bloot omdat hy nie sy skuldenaar se skuld nie kwytgeskeld het nie. Die straf is die feit dat die kwytskelding van die koning hom nie gedryf het om sy broer te gaan kwytskeld nie.

4. Slot

Ten slotte sien ons dat die vyfde bede gaan oor ons vergewing van sondes. Die groot ateïstiese wetenskaplikes van ons tyd wil beweer dat die mense niks meer is as die fisiese nie. Hulle sê ons is maar bloot die somtotaal van die chemiese prosesse binne ons liggame. Ons gelowiges weet egter dat die mense uit meer bestaan. Ons het gees ook, ’n siel. En die geestelike moet ook onderhou word. Jesus sê self in Lukas 4 vers 4: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God.” Inteendeel ons het die geestelik meer nodig as die liggaamlike brood. Daar is ’n ou gesegde in verband met maatskaplike werk en sosiale opheffing. Dit lui "moenie iemand met ’n vol maag hel toe stuur nie”.

En alhoewel ons gered is moet ons nog soos die amptenaar voor die koning verskyn. Ons word nie maar outomaties gered, sonder dat ons eers bewus is daarvan nie. Ons word uit genade alleen gered sonder enige verdienste van ons kant, maar God wil steeds hê dat ons vir hierdie genade kom vra. Daarom is die vyfde bede ook ten diepste ’n bede vir ons eie vergifnis van skuld en sonde.

Die vyfde bede stop egter nie by ons nie. Dit het ons naaste ook in die gesig. Ons moet ook ons naaste vergewe. Dit doen ons nie om op ’n meganiese manier verlossing van God te bewerkstellig nie. Ons doen dit omdat die redding van God ’n nuwe gesindheid in ons skep. Ons vergewing van ander mense is die vrugte van ons dankbaarheidslewe. Wanneer daar nie vrugte is nie word ’n nuwe lewe betwyfel. Daarom die skerp waarskuwing in teksvers, vers 35 dat God ook die mense sal oordeel wat nie hulle broers van harte vergewe nie. Maar omdat die duiwel ons konstant van die vrugte van ons dankbaarheidslewe wil beroof, is die vyfde bede ook ’n bede om hierdie vergewingsgesindheid binne ons te versterk.

Amen